COMMUNITY NEWSPAPER
GansBerg Nuus/News
PRICE R15.00
312 Edition
17 July 2026
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

| Remhoogte groet | Nuclear Nuus | Danie Gerber | Gansbaai welcomes | Veiligheid bly prioriteit |
|---|---|---|---|---|

# Diep spore van Duifie Lourens en De Kelders Bakkery

"As jy diep spore wil nalaat, moet jy jou werkskoene aantrek," was Hester, beter bekend as Duifie Lourens, se leuse toe sy en haar eggenoot, Gerrie, die bekende De Kelders Bakkery op 24 Oktober 1989, sowat 37 jaar gelede, geopen het.

Die egpaar het reeds in 1984 die erf as 'n besigheidserf gekoop. Hul woonhuis is in 1987 daarop gebou, waarna die besigheidsgebou aan die voorkant opgerig is, wat deur haar seun, Pieter Pieters, gebou is. Destyds was dit die enigste bakkery in Gansbaai. "Ek onthou nog hoe die oonde en toerusting splinternuut was en eers ingestel en getoets moes word," vertel Duifie. "Rudie Adams van Bakels het ons opgelei en ons het met proefbrode begin en dit gratis in Blompark gaan aflewer."


Die 83-jarige Duifie Lourens.

In 1995 het Duifie die bakkery aan Willem Theron verkoop, wat dit 'n paar jaar later weer aan Douw Vermeulen verkoop het. Sy het Gansbaai in 1995 verlaat, maar in 2000 teruggekeer. In Julie 2000 het sy die bakkery weer teruggekoop. 'n Bakker, wat sy opleiding in Namibië ontvang het, is aangestel. "Dit is waar die Duitse gebak, soos die bekende skoensole en varkore, begin het," vertel Duifie. Die skoensole het besonder gewild geraak. Só gewild dat sy in Junie 2004 selfs 'n bierboks vol daarvan vir Hardus Botha gepak het om saam op die vliegtuig Pretoria toe te neem. "Ek onthou nog hoe ek die bierboks mooi versier het sodat Hardus nie probleme by die lughawe sou kry nie!" vertel sy tong in die kies. Gedurende dié tyd was daar drie vennote: Duifie, Pieter en Juan Ramsauer. Juan is later deur die egpaar Lourens uitgekoop.



De Kelders Bakkery in 2009.


2026

Daarna was Duifie alleen-eienaar van die bakkery, met Alma Pieters wat saam met haar gewerk het. Duifie het vrou-alleen aangehou tot ongeveer 2007/08. 'n Voorval met 'n misdadiger, wat groot vrees en spanning veroorsaak het, het egter gemaak dat Duifie nie langer kans gesien het om alleen voort te gaan nie. Sy het die bakkery vir 'n tyd lank verhuur voordat sy dit aan Tony Haultzhausen verkoop het. Tony het die bakkery op 1 September 2009 oorgeneem en verskeie verbeterings aan die gebou aangebring. Hy het nuwe produkte bekend gestel, maar steeds Duifie se gewilde skoensole, varkore en kaaskoek gebak. Ná bykans agt jaar het Tony die bakkery op 1 April 2017 aan Seven Fowel verkoop, wat dit later weer aan Somaliese eienaars verkoop het.

**Die mens agter die bakkery**
Duifie Lourens was nog altyd 'n ware "busy bee" in Gansbaai - en is dit steeds. Sy het vir baie jare as diaken gedien en was ook aktief betrokke by KANSA en Hospice. Op 1 Desember 2016 verwerf sy haar Sertifikaat in Versorging (Vlak 4) en word as topstudent aangewys.


Toeka se gemmerkoek-huisies in Desember 2000, met Juan Ramsauer, destydse vennoot, regs.


Duifie se veelbesproke skoensole.


Duifie met haar Versorgings-sertifikaat in Desember 2016.

Artikel volg op Bl.2

We are HIRING!!
see page 6

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




Daarna werk sy as versorger, waar sy kankerpasiënte tuis versorg en, waar nodig, ook by hulle inslaap. In 2021 is Duifie met borskanker gediagnoseer, maar sy het wonderbaarlik herstel en is steeds in remissie.

Op 83-jarige ouderdom is sy steeds besonder bedrywig. Sy kook weekliks sop vir Badisa, bak beskuit, help by elke basaar en is voortdurend besig om haar hande besig te hou. Haar grootste passie deesdae is die maak van kleurvolle toiletwaresakkies vir Diens van Barmhartigheid. Tipies van Duifie word 'n Bybelvers by elke sakkie gevoeg. "Ek glo die gelukkigste mense is nie dié wat alles het nie, maar dié wat die beste maak van wat hulle het," sê sy. "En ek beskou alles wat ek doen as genade," sluit Duifie haar onderhoud met Gans-Berg Nuus af. Baie meer verhale - humoristiese én moeilike tye - kan oor Duifie Lourens en haar jare by De Kelders Bakkery vertel word. Ongelukkig laat beperkte koerantruimte nie reg geskied aan al die herinneringe en staaltjies wat deel vorm van hierdie besondere geskiedenis nie - bravo aan Duifie Lourens!

**Hardus Botha**

# Stemlyn is oop vir Gansbaai se Kwêla Dorp van die Jaar!

Gansbaai is die Wes-Kaapse finalis - kom ons bring die titel huis toe! Stem nou, maar nog belangriker: deel hierdie oproep met jou familie en vriende. Ons gemeenskap staan saam en daar heers groot opgewondenheid in Gansbaai! Die nasionale wenner word uitsluitlik bepaal deur die hoogste aantal SMS-stemme vanuit die publiek. Die finale stemtydperk het op Sondag, 12 Julie 2026, begin en duur tot Vrydag, 17 Julie 2026 om 12:00 (middag).

**Hoe om te stem:**
*Stoor Kwêla as 'n kontak op jou selfoon met die nommer 33157.
*Stuur 'n SMS met slegs die woord "Gansbaai". SMS'e kos R1,50 elk. Gratis SMS-bundels is nie geldig nie. Indien jy dus gratis SMS'e op jou selfoonpakket het, laai asseblief lugtyd om te kan stem. Jy kan tot 30 SMS'e stuur en elke stem tel. Stem dus, stem, stem asseblief en gebruik al 30 stemme vir Gansbaai! Bowenal, deel hierdie boodskap met jou familie, vriende, bure, kollegas, sportklubmaats en mede-Wes-Kapenaars. Vra almal om te stem en die boodskap verder te versprei. Jy kan die verskil maak! Die dorp met die grootste netwerk van familie en vriende staan die beste kans om dié gesogte titel te wen.

Die algehele wenner word op Sondag, 2 Augustus 2026, op Kwêla aangekondig. Opwindende pryse om te wen! Besoek die Gansbaai Toerisme-kantoor by Great White Junction (SPAR-sentrum), waar ons jou sal help om te stem. Bring jou selfoon saam, wys dat jy tien keer of meer gestem het en staan 'n kans om een van die vele pryse te wen wat deur plaaslike besighede geskenk is. Let wel: Geen elektroniese inskrywings word toegelaat nie; jy moet persoonlik met jou selfoon opdaag. Pryse sluit in boottoere, restaurant-etes, haaiduiktoere, vulstasiegeskenkbewyse, afslag by troeteldierwinkels, gemaalde koffie van ons meesterkoffiemakers, die immergewilde pastel de nata-vlatertjies van ons plaaslike bakkery, bottels landgoedwyn, koopbewyse en nog baie meer.




**Neem deel:**
'n Oproep aan alle Gansbaai-besighede: Help asseblief om ons gemeenskap te inspireer om te stem. Indien u wil deelneem, lewer asseblief u koopbewys by die Gansbaai Toerisme-kantoor af. Groot én klein pryse word waardeer. Ons span staan gereed om u te ontvang.
**Navrae:** Gansbaai Toerisme by 028 384 8336. Kom ons sorg dat Gansbaai met die titel kan spog! Ons kan dit doen! Bring jou Gansbaai-gees. Kom ons gaan groot!



# Remhoogte groet sy hart en siel - Elna Dreyer


Elna Dreyer.


Piet en Elna Dreyer met kleinkinders.

Die nuus oor die onverwagse afsterwe van Elna Dreyer van die plaas Remhoogte (Raka Wyne) op 1 Julie 2026, is met diepe hartseer ontvang. Elizabeth Susanna (Elna) Dreyer (née Shepherd) is op die plaas oorlede - 'n plaas wat sedert 1982 vir haar en haar eggenoot, Piet, 'n tuiste vir 45 jaar was. "Die afgelope paar jaar het ons as familie my ma se pad met demensie saam met haar gestap - met liefde, waardigheid en die beskerming van haar privaatheid," het Elna se dogter, Jorika, gesê.

Piet en Elna het saam op Remhoogte geboer en hul vier kinders daar grootgemaak. Saam het hulle ook die welbekende Raka Wyne opgebou. Elna het as 'n ware plaasdogter op die plaas Langkloof in die Tankwa-Karoo grootgeword. Ná skool het sy regte studeer en haar beroepsloopbaan as staatsaanklaer begin. Piet was destyds reeds 'n gesoute kommersiële visserman, en Elna het voorgestel dat hy met die visbedryf moes voortgaan terwyl sy die boerdery sou behartig - 'n besluit waarmee sy haarself met oorgawe vereenselwig het. Met haar kennis van en liefde vir boerdery, het Elna die plaas oor die jare uitgebrei, met skape en 'n paar melkkoeie geboer, sitrus aangeplant en later ook Raka se eerste wingerd gevestig.


'n Jong Elna toe sy met skape begin boer het.



Elna was baie lief vir boeke, letterkunde en om haar kennisveld te verbreed. Haar nuuskierigheid, vriendelike geaardheid en opregte belangstelling in mense het gemaak dat sy met gemak met enigiemand kon gesels en altyd bewus was van wat in haar gemeenskap gebeur. Om die voortbestaan van die plaasskooltjie Jongensklip te verseker, het sy gehelp om leerders te werf en fondsinsamelings ten bate van die skool te organiseer. Uit liefde vir taal en kultuur het sy ook by Landsdiens betrokke geraak en dikwels bewusmakingsartikels vir plaaslike koerante geskryf.

Die gesin het besluit om, ter nagedagtenis aan Elna en om bewustheid van demensie te bevorder, gedurende Julie 15% van alle wynverkope aan Demensie Suid-Afrika te skenk. Elna laat 'n merkwaardige nalatenskap agter. Sy word oorleef deur haar eggenoot, Piet, haar kinders Gerhard, Josef, Pieter en Jorika, haar skoonkinders, agt kleinkinders en die breër familie.

**Raka-geskiedenis**
"*Die vroue het hom die eerste gewaar in die loom namiddag toe die arbeid klaar was - aan die stampblok, in die jonggroen landerye. Ken jy Raka, hy, die sterk dier, ons fyn, fyn net van die woord, waarmee ons blink en vet visse uit baie waters haal?*" (NP van Wyk Louw: *Raka*). Piet is self 'n man van vele talente, maar by uitstek 'n visserman, wynmaker en boeiende storieverteller. Tydens 'n wynproegeleentheid vir die Gansbaai Wynproegilde het Piet onder meer vertel: "My liefde vir visvang het by my pa begin met die aankoop van sy vissersboot, *Mariana*, by oom Hennie Ritter van Gansbaai." Piet se liefde vir NP van Wyk Louw se werk het hom laat besluit om sy swartgeverfde vissersboot *Raka* te noem, na aanleiding van die bekende epiese gedig. Etlike jare gelede is 'n vergrote foto van die swart boot, onder 'n laag stof in wyle Francois de Jongh se kantoor, ontdek en aan Piet geskenk. Jorika het aan die *Gans-Berg Nuus* gesê dat die foto steeds in hul kantoor hang. (*Foto's verskaf*)

**Hardus Botha**




HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:
Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za






# Gansbaai welcomes a new DJ and MC

Gansbaai has welcomed a new face and voice in the form of a professional DJ and Master of Ceremonies (MC). Vic Randall, an experienced DJ and MC originally from Johannesburg, relocated permanently to Perlemoenbaai about a month ago. He currently provides complimentary background music at the Friday Market in the Pretorius Hall from 09:00 to approximately 11:30 on selected Fridays.



*Vic Randall.*

In addition to his experience as a DJ and MC, Vic has an extensive background in the radio and television entertainment industry. "My experience in the entertainment industry makes me ideally suited to serve as master of ceremonies at prize-giving events for sports clubs, fishing competitions, golf days, wedding receptions, school functions and fundraising events," he said. Vic says he enjoys entertaining audiences with nostalgic music from the days of the former Springbok Radio, as well as popular classics that are seldom heard today.

For enquiries, Vic Randall can be contacted via email at Vkyby65@gmail.com or by WhatsApp on 083 302 0408.

**Hardus Botha**

# Veiligheid bly prioriteit vir Gansbaai se GPF

Gansbaai Community Police Forum

Partners in Policing

Die maandelikse vergadering van die Gemeenskapspolisiëringsforum (GPF), wat op die tweede Woensdag van elke maand plaasvind, was weereens 'n noodsaaklike en sinvolle geleentheid. Die SAPD, GPF-lede en die SCP, wat 26 instansies verteenwoordig, het verslag ontvang oor die misdaadsyfers in die Groter Gansbaai-gemeenskap. Misdaad het gedurende die afgelope maand merkbaar afgeneem in vergelyking met vorige maande.

Verslag is ook gelewer oor 'n uiters suksesvolle Pa-en-Seun-dag wat op 20 Junie aangebied is. Byna 250 deelnemers het gratis sop en vetkoek, geskenk deur plaaslike sakelui en inwoners, ontvang. Vaders en seuns is ook uitgedaag om geestelike en morele leiers in hul huise en die gemeenskap te wees.

Waardering is uitgespreek teenoor inwoners, kerke en sakelui wat tydens die vlugtelingkrisis in Junie byna 350 buitelanders by die Inligtingsentrum, die Moslem-moskee en die Stanford-gemeenskapsaal gehelp voed het.

Veiligheid bly van kardinale belang, en ons is dankbaar vir die groot aantal buurtwagte wat deur middel van patrollies, kameras en WhatsApp-groepe help om ons dorp en omliggende gebiede veilig te hou. Nuwe organisasies is tydens die vergadering verwelkom, en alle instansies - kerke, skole, nie-winsgewende organisasies (NWO's/NPO's/NGO's) en ander organisasies - word uitgenooi om by die GPF aan te sluit.

Navrae kan gerig word aan Riaan Booysen (voorsitter) by 074 203 6658, Deon Naudé (ondervoorsitter) by 081 444 0953 of Anne-Marie Lucas (sekretaresse) by 082 500 4684.

**Deon Naudé (GPF-ondervoorsitter)**

# Van LSG na Nasionale Sportroem



*Tyler Hunt (Paarl Girls' High), Sadie Tiana Meyer (La Rochelle Girls' High), Minette Retief (La Rochelle Girls' High), Ella Lisa Steenkamp (Bloemhof Girls' High), Muneeba de Bruyn (Worcester Gimnasium), Litha Tyindyi (Hermanus Hoërskool en voormalige Laerskool Gansbaai-leerder) en Lianel Groenewald (Durbanville Hoërskool).*

Baie van Laerskool Gansbaai (LSG) se leerders het reeds groot hoogtes op sportgebied bereik - en waarom dan anders? Met die gehalte opvoeding en sportafrigting wat leerders by LSG ontvang, is dit geen verrassing nie.

Die Gans-Berg Nuus het onlangs weer inligting ontvang oor die indrukwekkende prestasies van Litha Tyindyi van Hermanus Hoërskool, 'n voormalige leerder van Laerskool Gansbaai. Sy is as lid van die Suid-Afrikaanse o/17-netbalspan gekies - 'n besondere prestasie. Die Wes-Kaap het 30 meisies gekies wat in drie verskillende spanne van 10 spelers elk ingedeel is.

Wanneer 'n mens na Litha se sportprestasies tot op hede kyk, is dit duidelik waarom LSG saam met haar trots kan wees: *Protea- en WP-kleure in toutrek; *2020 - Mees Opkomende Senior Toutrekker (Kimberley Pirates Toutrekklub); *2021 - Goue en silwer medaljes in die President-toutrekafdeling (Kimberley Pirates Toutrekklub); *2022 - Lid van die SA Gazelle-span wat aan die Wêreldkampioenskappe in Holten, Nederland, deelgeneem het in die 580 kg gemengde en 640 kg ope afdelings; *Senior Sportvrou van die Jaar - Kuilsrivier Toutrekklub; *2023 - Lid van die SA Presidentspan by die Afrika-kampioenskappe in Kimberley. Ope kompetisie 600 kg Gemeng - Goud. 720 kg Goud. Geslote kompetisie 640 kg - Goud. 600 kg Gemeng Goud. 720 kg Silwer; *Toer na Kuala Lumpur, Maleisië, vir deelname aan die Internasionale Klubkampioenskappe in die 680 kg-afdeling. Algeheel sesde in die 600 kg-afdeling en tweede in die o/23-afdeling (Trainer); *2024 - SA Klubkampioen en SA Kampioen in die 680 kg-afdeling en verwerf volle WP-kleure; *Lid van die Protea-span wat aan die Wêreldkampioenskappe in Mannheim, Duitsland, deelgeneem het in die 580 kg gemengde en 680 kg-afdelings van beide die ope en geslote kompetisies; *2025 - SA Kampioenskappe: derde plek in die 580 kg Gemengde afdeling; *2026 - Valsbaai, SA Klubkampioenskappe. Beste klub in Suid-Afrika. Uitslae: 680 kg Premier - Silwer; 580 kg Gemeng Premier - Silwer; 640 kg Premier - Brons; *Litha berei haar tans voor vir die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe wat op 17 en 18 Julie 2026 plaasvind.



*Litha Tyindyi se medaljes 'vir Afrika'.*

'n Merkwaardige oud-leerder van Laerskool Gansbaai, inderdaad!

**Hardus Botha**

# Nuclear Nuus / News

Met verwysing na die Openbare Vergadering - Omvangsbepalingsfase, wat op Donderdag, 9 April 2026 in die Gansbaai Toerismesaal gehou is (Gans-Berg Nuus, 17 April 2026), is die volgende kennisgewing aan belanghebbendes versprei.
**Hardus Botha**

Kennisgewing van die voorgestelde Eskom-kernkragaanleg van tot 5 200 MW Thyspunt - Kouga Plaaslike Munisipaliteit in die Oos-Kaap / Bantamsklip - Overstrand Plaaslike Munisipaliteit in die Wes-Kaap. Kennis geskied hiermee ingevolge Regulasie 41(2) van GNR 982 (soos gewysig), uitgevaardig kragtens artikels 24 en 24D van die Nasionale Omgewingsbestuurswet (Wet No. 107 van 1998) (NEMA) (soos gewysig), met betrekking tot aktiwiteite wat ingevolge GNR 983, GNR 984 en GNR 985 (soos gewysig) geïdentifiseer is.

### Beskrywing en ligging

Eskom Beperk (Eskom) stel die oprigting van 'n kernkragaanleg met 'n opwekkingsvermoë van tot 5 200 MW, tesame met gepaardgaande infrastruktuur, voor by óf Thyspunt in die Kouga Plaaslike Munisipaliteit van die Oos-Kaap, óf Bantamsklip in die Overstrand Plaaslike Munisipaliteit van die Wes-Kaap. Die voorgestelde ontwikkeling vereis die indiening van 'n aansoek om Omgewingsmagtiging.

### Finale Omvangsbepalingsverslag

Die Finale Omvangsbepalingsverslag (FSR) is op 6 Julie 2026 by die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DFFE) ingedien. Die FSR is vir u inligting by die volgende plekke beskikbaar: *WSP-webwerf - https://www.wsp.com/en-ZA/services/public-documents; *WSP Datafree-webwerf - https://wsp-enqaqe.com/; *WSP Midrand-kantoor - Building 1, Maxwell Office Park, Magwa Cres, Midrand, 1685; *WSP Kaapstad-kantoor - Hoek van Portswood Rd en Beach Rd, Victoria & Alfred Waterfront, Kaapstad, 8001.

### Nuclear News

With reference to a Public Meeting - Scoping Phase, held on Thursday, 9 April 2026 at the Gansbaai Tourism Hall (Gans-Berg News, 17 April 2026), the following notice has been circulated to stakeholders.
**Hardus Botha**

Notice of the Proposed Eskom Up to 5,200 MW Nuclear Power Plant
Thyspunt - Kouga Local Municipality, Eastern Cape Province / Bantamsklip - Overstrand Local Municipality, Western Cape Province. Notice is hereby given in terms of Regulation 41(2) of GNR 982 (as amended), promulgated under Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (Act No. 107 of 1998) (NEMA), as amended, in respect of activities identified in terms of GNR 983, GNR 984 and GNR 985 (as amended).

### Description and Location

Eskom Holdings SOC Limited (Eskom) proposes the establishment of a Nuclear Power Plant (NPP) with a generating capacity of up to 5,200 MW, together with associated infrastructure, at either Thyspunt in the Kouga Local Municipality of the Eastern Cape Province or Bantamsklip in the Overstrand Local Municipality of the Western Cape Province. The proposed development requires an application for Environmental Authorisation (EA).

### Final Scoping Report

The Final Scoping Report (FSR) was submitted to the Department of Forestry, Fisheries and the Environment (DFFE) on 6 July 2026. The FSR is available for public information at the following locations: *WSP Website - https://www.wsp.com/en-ZA/services/public-documents; *WSP Datafree Website - https://wsp-enqaqe.com/; *WSP Midrand Office - Building 1, Maxwell Office Park, Magwa Cres, Midrand, 1685; *WSP Cape Town Office - C/O Portswood Rd & Beach Rd, Victoria & Alfred Waterfront, Cape Town, 8001.












# Danie Gerber - 'Ek *love* die vriendelikheid van Gansbaaiers'

*Danie Gerber en Mario Davy.*



"Ek is bevoorreg dat ek Danie Gerber al sowat ses jaar ken," vertel Mario Davy van Gansbaai Motors. "Ek het hom destyds deur my buurman in Uilenkraalsmond, Schalk le Roux, ontmoet. Danie en Schalk is reeds sedert 1990, kort ná Danie se aankoms

*Danie Gerber, met sy galjoene, saam met Mike Germishuys in Boathouse Pub & Grill.*



in die Kaap, goeie vriende." Danie, voormalige Springboklegende, het weer onlangs 'n paar dae in Uilenkraalsmond kom kuier en tydens 'n brandstofstop by Gansbaai Motors lekker met Mario gesels. Mario sê hy het Danie leer ken as 'n ware mensemens, 'n 'bok vir sports' en iemand wat plat op die aarde is.

Twee van die plekke wat Danie tydens sy besoek geniet het, was Kuslangs Pub & Restaurant van Manny de Paiva en Boothouse Pub & Grill van Charmaine Cooke. "Ek besoek Uilenkraalsmond al sedert 1990 op 'n gereelde basis en ek *love* die vriendelikheid en geselsery van die Gansbaaiers," het Danie in 'n telefoniese onderhoud aan die Gans-Berg Nuus gesê. Hy sê dit was vir hom 'n riem onder die hart om tydens sy besoek rugbytruie en rugbyballe vir jong seuns te teken en die vreugde in hul oë te sien.

**Springboklegende Danie Gerber**
Dié talentvolle voormalige Springboksenter het geen bekendstelling nodig nie. Net om die geheue te verfris: Danie is op 14 April 1958 in Despatch naby Port Elizabeth (nou Gqeberha) gebore. Hy het aanvanklik sokker en krieket op skool gespeel voordat hy op 13-jarige ouderdom ernstig begin rugby speel het. Sy uitsonderlike voetwerk, blitsige spoed en vermoë om verdedigers te uitoorlê, het hom vinnig laat uitstaan. Hy het Suid-Afrikaanse Skole verteenwoordig en daarna provinsiale rugby vir die Vrystaat, Oos-Provinsie en later ook Westelike-Provinsie gespeel.

In 1980 het Danie sy Springbok-toetsdebuut teen die Suid-Amerikaanse Jaguars gemaak. Tussen 1980 en 1992 het hy in 24 toetse vir Suid-Afrika uitgedraf en 19 drieë gedruk. Hoewel hy internasionaal slegs 24 toetse gespeel het, was dit hoofsaaklik weens Suid-Afrika se sportisolasie gedurende die apartheidsera. Baie rugbykenners glo dat hy, indien Suid-Afrika nie geïsoleer was nie, maklik in meer as 100 toetse sou kon gespeel het. Een van sy bekendste oomblikke was sy briljante individuele drie teen Ierland in 1981, asook sy driekuns teen Engeland in 1984. Hy was ook deel van die Springbokspan wat in 1992 na internasionale toetsrugby teruggekeer het. Gedurende sy loopbaan het Danie 158 drieë in 261 eersteklaswedstryde gedruk - 'n merkwaardige rekord vir 'n senter. Hy is in 2007 in die Internasionale Rugby Hall of Fame opgeneem en in 2015 ook in die World Rugby Hall of Fame vereer.

Mario is self 'n jarelange bekende persoonlikheid by die motorhawe, waar hy op sy vriendelike - en geselserige - manier sorg dat voertuie en bote van brandstof voorsien word. Hy het aanvanklik sowat ses jaar by Birkenhead Motors (Shell) in Hoofstraat gewerk en is reeds ongeveer 17 jaar by Gansbaai Motors (Shell) by die Gansbaai-hawe werksaam.

**Hardus Botha**

*Danie Gerber kuier in Kuslangs Pub & Restaurant.*





# CLASSIFIEDS

BUY • SELL • FIND • JOBS • SERVICES




## VIBRACRETE MURE
## Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal

Ons diens dek die hele Overberg

**Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204**

GANSBAAI PROPERTIES

028 384 1197 082 378 9955

www.gansbaaiproperty.co.za

We hold the key to your property

## Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



## SPRINGBOK 2026 FIXTURES

SPRINGBOK

18 JULY - SPRINGBOKS VS WALES
22 AUG - SPRINGBOKS VS ALL BLACKS
29 AUG - SPRINGBOKS VS ALL BLACKS
5 SEP - SPRINGBOKS VS ALL BLACKS
12 SEP - SPRINGBOKS VS ALL BLACKS

## WE ARE HIRING.....

### Advertising Sales Representative

Gans-Berg News has a opportunity for an advertising sales representative. If you are professional, commission driven, self-motivated, commited and can work without constant supervision, this position is for you.

**Closing Date: 17 July 2026**
**admin@gansberg.co.za**

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows

new for old
we open windows for you

*Average home completed in one day*

**Hilton Hitge**
**084 558 1902**
*info@anglowindows.co.za*

**WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT**

## Wall Seal

Reg No: 2022/809475/07

**WE GET IT DONE**

- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External

**Call Mike on 063 708 4283**

UNITY SERVICE RECOVERY

ALCOHOLICS ANONYMOUS

DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?

EVERY WEDNESDAY @ 19:00

GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET

THERE IS HELP...

060 597 5419
078 307 7783

## KLEINMOND SKRYNWERKERS

Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.

Ben-Louis Fourie: 083 330 8049

Fax: 086 266 1160

Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

## HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:

**Hardus:082 786 0494**
**info2@gansberg.co.za**

## CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

**Jannie Cronje** cncstaal@omail.co.za
**082 371 7283**

Gans-Berg Nuus/News

Weeklikse Gemeenskapskoerant

Website Link

TikTok

GANSBERGNEWS

Facebook Link

028 205 0100

066 225 4280

info@gansberg.co.za

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| O | S | J | L | J | E | O | B | G | E | R | G | O | T | D | G | C |
| R | K | M | U | T | X | Y | F | N | G | N | T | P | W | U | O | Z |
| K | S | R | E | H | C | R | A | Q | C | S | O | I | T | N | L | T |
| P | R | I | N | C | E | F | L | W | E | R | T | S | C | G | D | T |
| E | S | S | E | O | F | E | T | R | U | C | O | E | I | E | U | L |
| L | H | N | K | G | E | U | O | A | H | G | N | S | H | O | C | O |
| T | U | O | B | W | D | F | J | F | O | T | W | E | S | N | P | N |
| S | O | P | R | L | I | I | Q | R | A | M | R | K | E | B | L | Q |
| A | E | A | F | S | E | O | R | U | N | O | N | C | S | S | O | D |
| C | I | E | K | C | E | N | R | B | B | C | I | J | Q | E | Y | W |
| G | R | W | A | X | J | K | B | Y | W | L | F | V | U | V | E | I |
| I | E | M | O | N | G | N | M | I | A | A | W | F | E | L | T | L |
| W | I | N | E | Z | F | N | O | H | J | N | R | V | S | E | N | J |
| M | D | A | G | G | E | R | C | O | Q | R | N | D | T | P | S | D |

ARCHERS
CASTLE
CENTAUR
CHALICE
CROSSBOW
DAGGER
DRAWBRIDGE
DUNGEON
FOREST
GNOME
GOLD
HERO
HORSE
MACE
MOAT
OGRE
PRINCE
QUEST
WEAPONS
WINE

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 9 | | 5 | | 3 | | | 4 |
| | | | | 4 | | 1 | | |
| | | 1 | | | | 2 | | |
| 2 | | | | | | | | |
| 7 | | | | 6 | | | | 5 |
| | | | | 7 | | 8 | | |
| | | | | | | 7 | | |
| 3 | | | | 9 | 6 | | | |
| | 6 | 5 | 1 | | | | | 2 |

## Colour me in....



## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Y | K | K | J | O | F | S | E | L | A | G | W | W | H | M | N | V |
| D | J | B | Q | I | W | W | Y | B | U | H | G | L | F | A | N | Q |
| C | R | Y | L | N | B | O | G | F | Q | N | L | B | W | G | O | J |
| Y | K | A | S | W | O | R | D | E | E | A | I | I | Z | I | G | B |
| B | R | C | Z | L | E | R | X | I | B | A | K | C | Q | C | A | L |
| R | O | I | L | I | T | A | R | L | R | H | R | O | O | Y | R | A |
| C | O | E | A | X | W | I | A | M | W | P | H | Z | Q | R | D | C |
| J | P | K | A | F | K | T | O | Z | P | E | V | I | L | T | N | K |
| S | A | A | A | N | S | R | Z | Z | L | N | O | I | T | O | P | S |
| B | D | L | I | Y | W | I | N | D | P | T | H | T | K | K | V | M |
| I | R | G | R | F | R | A | W | D | O | Y | T | I | R | X | E | I |
| J | H | C | D | E | S | Y | N | L | E | O | N | K | Z | O | P | T |
| T | N | T | R | L | D | Z | A | D | I | G | G | S | F | V | L | H |
| T | O | O | M | F | P | R | I | N | C | E | S | S | H | N | X | L |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 3 | 8 | 2 | 1 | 4 | 5 | 9 | 7 |
| 7 | 9 | 1 | 3 | 8 | 5 | 4 | 6 | 2 |
| 4 | 2 | 5 | 6 | 9 | 7 | 8 | 1 | 3 |
| 8 | 5 | 7 | 4 | 6 | 2 | 1 | 3 | 9 |
| 9 | 1 | 4 | 8 | 7 | 3 | 6 | 2 | 5 |
| 3 | 6 | 2 | 9 | 5 | 1 | 7 | 4 | 8 |
| 5 | 8 | 3 | 1 | 2 | 6 | 9 | 7 | 4 |
| 1 | 4 | 9 | 7 | 3 | 8 | 2 | 5 | 6 |
| 2 | 7 | 6 | 5 | 4 | 9 | 3 | 8 | 1 |

# NEIGHBORHOOD Watches

| AREA | CONTACT | NUMBER |
|---|---|---|
| Franskraal | Jaap Koen | 082 442 2464 |
| Franskraal Afriforum | Robbie Nelson | 083 455 0946 |
| Pearly Beach | Mark Boontjies | 072 282 3616 |
| Pearly Beach Oord | Fred Wesson | 083 654 4616 |
| Strandveld Plaaswag | Stephan Du Mont | 082 642 7358 |
| Kleinbaai | Maryna Basson | 073 439 1979 |
| Uilenkraalsmond | Lionel Kemn | 063 501 5198 |
| Gansbaai | Hugh-Daniel Grobler | 072 352 7776 |
| Perlemoenbaai | Stuart Hayman | 079 250 9081 |
| De Kelders | Nico Groenewald | 073 919 7777 |

LET US COMMUNITY WORK TOGETHER

Gans Berg Nuus/News
028 205 0100 Community Newspaper

# EMERGENCY NUMBERS

028 205 0100 Gans-Berg

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room<br>028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8960 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| Cassie Carstens: | 078 699 6995 |

IN AN EMERGENCY, EVERY SECOND COUNTS.
SAVE THESE NUMBERS. SHARE THEM. STAY SAFE.
EMERGENCY

# Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Wednesday 15/7/2026 | Thursday 16/7/2026 | Friday 17/7/2026 | Saturday 18/7/2026 | Sunday 19/7/2026 | Monday 20/7/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 16° | 16° | 16° | 19° | 17° | 16° |
| Fresh Breeze 9 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from west 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from west 0.1 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 17 July | 0512 | 1738 | 1120 | 2355 |
| 18 July | 0555 | 1821 | 1200 | 0040 |
| 19 July | 0639 | 1904 | 1241 | 0126 |
| 20 July | 0724 | 1951 | 1324 | 0200 |
| 21 July | 0816 | 2045 | 0219 | 1414 |
| 22 July | 0923 | 2152 | 0323 | 1521 |
| 23 July | 1051 | 2311 | 0440 | 1646 |
| 24 July | 1215 | 0022 | 0555 | 1808 |

Tax Compliance & Administration Services
WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee&Co
A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za

BIZ LEGAL
OVERBERG Labour & Legal Solutions



SOLUTIONS TO HELP YOUR BUSINESS SUCCEED. TOGETHER.
WE OFFER LABOUR, LEGAL, TAX & ACCOUNTING SERVICES ALL UNDER ONE ROOF

LABOUR MONTHLY RETAINERS
LEGAL MONTHLY RETAINERS
TAX & ACCOUNTING SERVICES

LABOUR SERVICES
TAX & ACCOUNTING
LEGAL SERVICES

CONTACT US TO FIND OUT MORE:

# Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637





# Gansbaai Gholfklub: Hendry van Appeldoorn palm Enkel Stableford in

Saterdag, 11 Julie 2026 se Enkel Stableford kompetisie is deur Hendry van Appeldoorn gewen, met Jacques Louw wat in dieselfde kompetisie Naaste aan die pen (No 2, geel) eindig.

**Woensdag, 8 Julie:**
Anton Jordaan wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 39 punte, gevolg deur Theunis van Schoor 37, Peet Pretorius 34, Clive Bailey 34, Johan Coetzee 34, Jacques Louw 33, Leon Lombaard 31, Marietjie de Villiers 31, Dawie Viljoen 31 en Rene Myburgh 30.

**Vrydag, 10 Julie:**
F Kleyn wen die 9-putjie Enkel Stableford met 18 punte, gevolg deur JP Laubscher 18, Dries Coetzee 18, Marietjie de Villiers 18, Lionel Kemm 18, Callie Lourens 17, Sakkie van der Merwe 17, Koos Myburgh 15, Pero Heyns 15 en Pieter Uys 14

**Saterdag, 11 Julie:**
Hendry van Appeldoorn wen die Enkel Stableford kompetisie met 32 punte, gevolg deur Leon Lombaard 31, Marietjie de Villiers 31, Malcolm Bury 30, Pieter Kruger 30, Peet Pretorius 29, Stephen Jackson 28, Stephen Brown 28 en Jacques Louw 27.
Naaste aan pen no 2 (geel): Jacques Louw.


*Anton Jordaan.*


*F Kleyn.*


*Hendry van Appeldoorn.*

**Saterdag, 18 Julie:**
Kompetisie is 'n 4BBB Stableford.

Die Algemene Jaarvergadering vind plaas op Donderdag, 20 Augustus 2026.

**Groete,**
**Johan Coetzee**
**082 878 0534**





**"Nou wel seker nie 'n rekordvis nie, maar hy gaan lekker braai, dis verseker!" vertel Oubaas Lesch, kampioenhengelaar, so ewe beskeie oor sy knewel van 'n galjoen - 3kg en 53cm lank! Miskien verras Oubaas ons met die komende NG-Kerk Galjoenkompetisie op 26 September 2026!**
**Hardus Botha**









# Brief aan die redakteur: Teken jou hengelherinneringe aan

Gans-Berg Nuus se voormalige hengelrubriekskrywer, Albert Potgieter, alias Seemeeu, het hierdie skrywe aan die redakteur gerig - met verwysing na 'n interessante voorstel van toeka se tyd - '*Teken jou hengelherinneringe aan!*' - Lees dit gerus!



*Albert Potgieter kort ná die aankoop van sy boot, Shiloh.*

Ongeveer dertig jaar gelede het ek in De Kelders kom aftree. Toe was hierdie area 'n gewilde hengelplek - dit was nog altyd een van my beste besluite ooit. Hiermee wil ek graag 'n aanbeveling maak aan enige gereelde boothengelaar, en ek sal later verduidelik waarom.

Ek stel voor: Kry 'n boekie en teken daarin aan die datum waarop julle see toe gaan, die boot se naam, al die manne se name en die plekke waar die meeste vis gevang is, asook die mees uitsonderlike vangs. Skryf ook enigiets neer wat daardie dag op see gebeur het - die goeie sowel as die minder goeie (dit is gewoonlik waar almal iets nuttigs kan leer). Skryf dit alles in daardie boekie en doen dit boonop in so min moontlik woorde. Moenie 'n storie daarvan maak nie, want dan verloor jy belangstelling.

**Waarom hierdie voorstel?**
Ek self trek al 'n paar jaar oor die tagtig en ek kan steeds nie wegbly van die see nie! Nou die dag, met knieë wat raas en 'n gesukkel om met grasie uit die boot te klim, was ek juis nie in die beste bui nie. Tuis sit ek toe en alles voel maar vaal. Terwyl ek so nukkerig rondkrap, kom ek af op 'n paar vergete boekies waarin ek destyds self aantekeninge gemaak het. Ek gaan sit en lees. Skielik verbeel ek my ek is terug in daardie dae - lank gelede.

Ek herleef onder andere die tyd toe ek saam met wyle Jan Tand en die res van sy *crew* op *Hamerkop* sommer baie vis gevang het, asook al die ander manne wat groot vriende van my geword het.
Ek lees ook van my vroutjie wat dikwels saam op die boot was, veral met die kreefvangery, en my kwaai uitgetrap het wanneer ek nie by die gewone vangplek gebly het nie!
En dis waarom ek dink dat almal 'n punt moet maak om hierdie besonderhede aan te teken - en doen dit vir so lank as wat jy kan. Eers later in jou lewe sal dit iets wees wat vir jou 'n glimlag bring en die krake en knakke op die agtergrond laat verdwyn - dis die moeite werd.
Beste wense, en dankie dat julle hierdie skrywe gelees het.

**Albert Potgieter**

# Gansbaai Posduifklub: Beaufort-Wes se moeilike wedvlug

Na die vorige week se Laingsburg 2-wedvlug is die wedvlug die voorverlede naweek vanaf Beaufort-Wes aangedurf - 'n besonder moeilike wedvlug. Norman Stevens van N@N Stevens het egter baie goed in hierdie wedvlug gevaar. Die volgende wedvlug sal vanaf Victoria-Wes plaasvind.


*Norman Stevens van N@N Stevens.*

**Uitslae:**
*Jong Duiwe*:
N@N Stevens - 1, 5, 8, 19, 20; Germishuys Hokke - 2, 12, 13, 14; J&J Swart - 3, 4, 7, 16, 17, 18; Rutherford Loft - 6, 15; Louis Groenewald - 9; Human Loft - 10; Charl Kruger - 11.
***Ope Duiwe***:
N@N Stevens - 1, 17, 18, 19; Louis Groenewald - 2, 10; Germishuys Hokke - 3, 6, 7; Charl Kruger - 4, 8, 11, 12, 13, 20; J&J Swart - 5; Ruan Kruger - 9, 15; Louis Groenewald - 10; Rutherford Loft - 14; Fourie Loft - 16.

**Hardus Botha**

# Grootbos canoe team takes on national championship challenge

The canoe team of Grootbos Foundation took part in the South African Schools Marathon Championships at Zandvlei, Cape Town, from 3–5 July. "The team trained throughout the year for canoe sprint events during the warmer season and marathon events during the winter season," said Phillipa Murray. "They enjoy testing their strength against paddlers from other canoe clubs and provinces."


*The canoe team in action.*

Sibongeleni CJ Mzimba has been part of the canoeing programme for nine years. He is currently in Auronzo, Italy, attending the International Canoe Sprint Regatta, where he is representing South Africa in the U/23 category. "CJ is dedicated to the sport and inspires his friends," Phillipa said. "Thank you to Paddlesport SA and the Stanford Canoe Club for helping CJ get to Italy."


*Sibongeleni CJ Mzimba - part of the canoeing programme for nine years.*

**Hardus Botha**

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service

028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Put your advert here
Contact us:
028 205 0100

# Birkenhead Boothengelklub vier aand vol hoogtepunte



*Jarelange egpaar-klublede: Hardus & Anita Botha, Steve & Margi Muller en Johan & Susette Wiese.*



*'Shooters' ná Erelidmaatskap - Hardus Botha en voorsitter Hein Kroese.*

Die Birkenhead Boothengelklub se maandelikse funksie op Saterdag, 11 Julie 2026 het, benewens die gewone prysoorhandigings, dans, lekker eet en kuier, heelwat interessante hoogtepunte opgelewer. Dit het onder meer die Springbokke se toets teen Skotland op 'n grootskerm, geurige Indiese geregte, DJ Louwtjie de Witt wat sommer self ook gesing het, drie egpare wat die klub se langsdienende lede is, asook die toekenning van 'n erelidmaatskap ingesluit - sommer 'n hele mondvol!

Eerste aan die beurt was die groot opwinding rondom die rugbytoets tussen die Springbokke en Skotland, wat op die grootskerm gebeeldsend is. Die Bokke het met 42-35 geseëvier. Skaars was die eindfluitjie geblaas, of die bekende lied "Hier kom die Bokke" het deur die saal weergalm - met Louwtjie wat vinnig op sy voete gedink het.

Geskiedenis is ook gemaak met drie egpare wat reeds langer as 20 jaar lede van die klub is - die enigstes wat oorgebly het en die funksie bygewoon het. Hulle is Hardus en Anita Botha, Johan en Suzette Wiese, asook Steve en Margi Muller. 'n Groot eer het Hardus Botha te beurt geval toe die titel Erelid aan hom toegeken is vir meer as 20 jaar se lidmaatskap, lojaliteit en harde werk. Gedurende dié tyd het hy meer as agt jaar op die komitee gedien en vir baie jare as redakteur en samesteller van die klub se nuusblad, Die Tekkel-Boks, opgetree. Wil hy of nie, die tradisionele "shooter" moes saam met die voorsitter, Hein Kroese, geniet word!

Ná 'n paar jaar se afwesigheid van Die Tekkel-Boks, het Walter Mapham die leisels as redakteur oorgeneem en die eerste elektroniese uitgawe aan lede versprei. Hy het ook die groot taak aangepak om die klub se geskiedenis na te vors. Met Hardus Botha se ondersteuning en die beskikbaarstelling van baie jare se inligting en foto's, kon reeds groot dele van die klub se geskiedenis aan lede in die klubsaal uitgestal word. Die Gans-Berg Nuus sal nader aan die voltooiing van hierdie omvangryke projek verder daaroor berig.



Die res van die aand het, soos gewoonlik, gesellig verloop. Nikita Padaychee, hoofsjef van Visgat in Pearly Beach, het die gaste met 'n spyskaart uit die boonste rakke bederf: Indian Cuisine, bunny chows, kerries en biryani - "hot" vir die dapperes en "mild" vir die res. Die wenners van die vorige kompetisie se pryse is aan hulle oorhandig. Gelukstrekkings deur die loop van die aand het vir nog 'n paar glimlagte gesorg. Louwtjie se Musiekfabriek het geen "brieke" gehad nie en het tot laat in die aand voete laat jeuk met dansmusiek - om nie te praat van wafferse 'lyndansers' kort-kort op die dansvloer nie!

**Hardus Botha**